Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Verwerping

## Johannes 1:11

*"Nobody loves me, everybody hates me, I'm gonna eat some worms."*

*Dis woorde uit 'n liedjie wat ons grappenderwys sing wanneer ons jammer voel vir onsself. Tog is daar baie mense wat die waarheid hiervan elke dag beleef: Niemand wil hulle hê nie. Die wat vir hulle moet liefhê verwerp hulle.*

*Johannes 1:11 sê dat Jesus na sy eie mense toe gekom het, tog wou hulle Hom nie aanneem nie. Hulle het Hom verstoot en wou niks met Hom te doen hê nie. Trouens, hulle het Hom uitgelewer en gekruisig. In die uur van Sy diepste nood van Hom af weggehardloop, Hom verraai, Hom verloën.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Definisie:***

*Om te weier om aan iemand enige liefde, aandag of aanvaarding te gee.*

*Vir Jesus kan jy niks van verwerping leer nie. Jesaja 53:3-8 vertel die aangrypende verhaal van wat Jesus gedoen het. Vir my en vir jou!*
(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Verwerping

Lees verse 10 en 11. Watter verwelkoming het Jesus beleef toe hy in die wêreld gekom het? Watter soort onthaal het Jesus ervaar toe hy na sy eie mense toe gekom het?

Kan jy aan tye dink wat mense God verwerp het? (Genesis 3: 6-7; 6: 5-6; 18:20; Rigters 2:11; Romeine 1: 18-22)

Hoe moet ons reageer as ons verwerping beleef?

Lees verse 12 en 13. Wat is die gevolge daarvan om in Jesus te glo?

Wat beteken dit om in Sy Naam te glo? Is dit meer as net kennis en feite oor Jesus?

Wat bedoel Johannes as hy sê: "Hy het ons die reg gegee om kinders van God te word"?